# 10 April 2024 - Lesing 284 - Wenke van Abba Vader vir die eindtyd - Deel 3

***Aan Bertha Dudde deur die innerlike Woord***

Die rypwording van die siel - Wondergenesings - Geloofsdwang – 27/4/62

**NO: 8161** Laat die krag van My Liefdestroom in julle werk. Open julleself en ontvang **voortdurend Lig en Krag van bo** en gee so julle siele die moontlikheid om ryp te word, om volmaak My ryk te kan ingaan wanneer die uur vir julle aangebreek het om van hierdie aarde te skei.

Die siel is die geestelike in julle waaraan slegs geestelik gegee kan word, wat ook voortdurend geestelike voedsel nodig het vir haar gang deur die aardse lewe. Die siel is sy wat bly bestaan wanneer die liggaam ontbind word, want die liggaam is verganklik. Hy dien slegs vir die onryp geestelike - die siel - as omhulsel.

Maar ongeag die siel bestaan die liggaam ook uit onryp geestelike substansies, **wat egter nog 'n langer ontwikkelingsweg het om af te lê**. Dit sou weliswaar moontlik wees dat ook die substansies van die liggaam reeds gedurende die aardse lewe van die siel hulleself vergeestelik en hulleself aansluit by die siel, **dog dit gebeur maar heel selde**.

En so los, nadat die siel die liggaam verlaat het, die materie weer op. Die materie laat die geestelike partikels weer vry, wat dan vir 'n vêrdere ontwikkeling weer 'n nuwe vorm aanneem.

Die siel het egter die laaste stadium van haar ontwikkeling op aarde bereik. Daarom moet julle hele sorg vir haar geld sodat sy tot die uiteindelike volmaaktheid kom **en as liggees weer kan terugkeer na die ryk wat haar ware Vaderland is**. Maar die rypheid kan sy slegs bereik as sy haar **onafgebroke deur My laat beskyn**, as sy lig en krag **regstreeks** van My in ontvangs neem deurdat sy haarself bewustelik aan My oorgee, deurdat sy haaarself oopstel en die stroom van My Liefde in haarself opneem, **deurdat sy na My luister as Ek tot haar spreek om haar van ete en drinke te voorsien**, om haar die regte voedsel te verskaf wat haar voltooiing op aarde verseker.

En elke siel wat haarself vir My open, sal ook My Liefdeskragstroom ervaar, omdat hierdie nooit werkloos bly waar die weerstand teen My gebreek is nie. Dog die rede dat julle dieselfde werking nie ook liggaamlik bespeur nie, word aan julle hierdeur verklaar dat Ek **geen enkele geloofsdwang op julle en julle medemens sal uitoefen** solank julle nog vry kan kies tussen die aanneem of afwys van die geestelik voedsel wat julle deur My van bo af aangebied word. Julle moet dus My woord wat regstreeks van My na julle toe kom, **heeltemal vry aanneem**, dit mag nie so duidelik aan julle bewys word dat dit julle tot geloof sou kon dwing nie.

Begryp dus, dat julle uit vrye wil moet glo, eie nadenke, liefdeswerke en 'n **noue band** met My moet aan julle die geloof besorg. Ook My werksaamheid deur die gees van 'n mens **moet geglo word**, dit sal nie te bewys wees nie. Maar elke ongewone verskynsel sal reeds as bewys geld en **dit sou skadelik wees vir die siel van julle medemens.**

Gevolglik moet julle altyd nog liggaam en siel skei. **Die voltooiing van julle siele word deur julle innerlike lewe bereik,** wat haarself wel na buite toe deur liefdeswerke laat sien - en daarom moet ook die liggaam homself aanpas by die wense van die siel. Hy mag geen teenstand bied deur haar verlangens nie, maar die liggaam mag nie as graadmeter van die uitstraling van My Liefde op 'n mens aangesien word nie, om welke rede dus **ook 'n siek liggaam 'n gesonde siel in homself kan berg**.

En so 'n mens sal solank 'n siek liggaam te verdra hê as wat die liggaam 'n opdrag het, wat die medemens tot heil moet strek. Want hierdie sal **slegs deur My woord** en nie deur wondere, soos die skielike genesing van 'n siek liggaam, tot die geloof gebring word nie. Hoewel Ek ook sulke wondere laat gebeur, wanneer die krag van 'n sterk geloof daardeur bewys moet word. Want 'n sterk geloof laat Ek nie tot skande word nie.

Ek weet egter altyd die beste, of en op welke wyse Ek mense kan wen om tot 'n lewende geloof te kom. Ek weet ook wat elke siel afsonderlik tot heil dien en vanuit die kennis sal Ek ook aan elkeen die mate van liggaamlike genesing gee **wat hy vir die ontwikkeling van sy siel nodig het.**

Maar julle kan en moet My steeds weer vra vir die Krag van My Liefde en Ek sal dan julle gebed verhoor en julle die Krag van My Liefde stuur en hierdie sal wat julle betref, nie sonder effek bly nie, ook as julle nie die uitwerking self kan sien nie. Amein.